

Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (Sport)
Publication Date: 06 Feb 2018
Page: 16

AVE: 18641.50
Circulation: 7783
Part: 1 of 1



**Duncan Saal, regtervleuel van die Maties, duik gisteraand oor vir sy span se derde drie met Nicholas Naudé van Shimlas wat hom nie kan stuit nie. Saal was vir die tweede agtereenvolgende week die Stellenbossers se giftigste angel.** Foto: JACO MARAIS

# Maties skakel oor na hoër rat

**George Germishuys**

Die Maties se Maroen-masjien het gisteraand in Stellenbosch na 'n hoër rat oorgeskakel.

Hul oortuigende oorwinning in die eerste ronde van die Varsitybeker-rugbyreeks is oortref deur 'n sege met 56-21 oor 'n sterk Shimlas-span.

Die Maties het vroeg reeds met hul fisieke benadering en aggressiewe stormlope die tempo van die stryd bepaal en twee keer in die eerste 15 minute agter die doellyn gaan kuier.

Die keur hiervan was beslis Edwill van der Merwe se drie. Van der Merwe het op 'n steekskop van sy binnesenter, Chris Smit, geduik na sterk samespel tussen Maties se voor- en agterspelers.

Melding moet gemaak word van Maties se dinamiese 9, 10, 12 aanvallende spilpunt, wat bestaan uit Remu Malan, Chris Smith en Chris Smit, wat deurentyd teen 'n hoë tempo die regte besluite neem en die verdediging aan die raai hou. Al drie is ook derduiwels in gebroke spel, met Smith wat waarskynlik die Maties se beste speler was.

Shimlas het 'n drie van hul eie in die eerste helfte gedruk toe Saida Xamlashe oorgeduik het ná 'n giftige breekslag.

Shimlas het probeer om die tempo van die spel te verhoog met vinnige tikskoppies van strafskoppe af om die Maties se swaar voorhoede rond te skuif. Dit het die Maties by tye onder druk geplaas al het hul fisieke verdediging sterk gestaan en ongedwonge foute op kritieke tye by Shimlas afgedwing.

Quintin Immelman, die skeidsregter, het die tuisspan swaar gestraf vir sy aggressie van die lyn af, wat vir Shimlas gereeld geleenthede vir vinnige spel gegee het.

Dit was juis 'n aggressiewe duikslag wat tot omkeerbesit gelei het en 'n lengte-van-die veld sewepunt-drie aan die regtervleuel, Duncan Saal, geskenk het. Hoewel Saal gedruk het, het die drie aan die Maties se verdediging behoort. Kort hierna het Saal nog 'n sewepunt-drie gaan druk ná knap spel aan sy binnekant deur Cornel Smit, die buitesenter.

Athi Halom (regtervleuel) het op die rustyd-toeter 'n drie vir Shimlas gaan druk ná 'n skitterende steekskoppie.

In die tweede helfte het Shimlas die meeste balbesit en gebiedvoordeel geniet, maar die Maties kon sterk staan. 'n Bal op die grond ná 'n soveelste Maties-duikslag het gesorg vir Saal se derde sewepunt-drie en die hamerhou op die laaste spyker in die Shimlas se doodskis.

■ **Puntemakers: Maties 56 (33) Drieë:** Ernst van Rhyn, Edwill van der Merwe, Duncan Saal (7 punte x3), Chippie Oelofse, Chris Smith. **Doelskoppe:** Smith (5), Reinhardt Fortuin. **Strafdoel:** Smith. **Shimlas 21 (14): Drieë:** Saida Xamlashe (2), Athi Halom. **Doelskoppe:** Lubs Dobela, Charl Naude (2).

■ In Johannesburg het Wits vir 'n opskudding gesorg deur Tuks, die verdedigende kampioen, met 25-19 te klop.

■ **Puntemakers: Wits 25 (18): Drieë:** Sicelo Champion (sewe), Kwanele Ngema (sewe), Bin Daniel Kapepula (vyf). **Doelskoppe:** Christian Humphries (3). **Tuks 19 (14): Drieë:** Toko Seerane (vyf), Xolisa Guma (vyf, vyf). **Doelskoppe:** Tinus de Beer (2).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.